NED GEREF KERK IN OOS-KAAPLAND

(AAN: ALLE RINGE EN GEMEENTES)

WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING
(WET NR 2 VAN 2000)

Geliewe daarop te let dat bogenoemde wet op alle kerklike instansies van toepassing is.

Moet asseblief nie oor die omvang en implikasies daarvan angsbevange raak nie. LET NET OP DIE VOLGENDE EN DIE KAAP IS HOLLANDS:

1. HANDLEIDING: Die handleiding wat deur die wet vereis word, word deur die Algemene Sinode vir almal opgestel en word by die sinodale kerkkantoor gehou. GEMEENTES EN RINGE HOEF NIKS HIERAAN TE DOEN NIE.

2. NAVRAE IN TERME VAN DIE WET: Enige persoon of instansie wat in terme van die wet inligting oor u gemeente of ring sou wou bekom, moet dit op die voorgeskrewe wyse by die ARGIEFKANTOOR IN STELENBOSCH DOEN. GEMEENTES EN RINGE HANTEER NIE SODANIGE NAVRAE NIE.

3. INVENTARIS VAN INLIGTINGSBRONNE:

Elke gemeente en ring moet asseblief **JAARLIKS** ‘n inventaris van hulle inligtingsbronne na die volgende adres stuur::

DR CJJ FRONEMAN
DIREKTEUR VAN ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE
POSBUS 34
STELLENBOSCH
7599.

Gebruik die tabel wat op die NG Kerk in Oos-Kaapland se webblad beskikbaar is om u inventaris op te stel. Stuur hierdie tabel aan Dr Froneman.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking. Ons bedien u graag met verdere inligting.

Groete in die naam van Jesus Christus.
Hoogagtend die uwe
Jan Viljoen
Direkteur Administrasie